# Les 15 KONINGSKINDERS: DIE HERE WYS DAT HY VIR MENSE WATER GEE SOOS Hý DIT BEPLAN, NIE MENSE EN HULLE AFGODE NIE

## 1. Die Farao gaan elke oggend kerkhou by die rivier

Kan julle nog verlede week se les onthou? Die Farao dink hý maak die Nylrivier. Hy glo dit is sý rivier! Hy glo dit regtig, want hy dink hy máák God. Hy glo nie God maak alles en sorg vir alles nie. Daarom maak hy en sy volgelinge van almal slawe. Almal moet hulle doodwerk vir hierdie koning wat glo hý maak en sorg vir alles. Almal moet hulle hele lewe opoffer om sy simpel drome, planne en begeertes waar te maak. Daarom moet almal vir hom die grootste graf in die wêreld bou – 'n piramide.

Kom ons kyk wat doen die Here met mense wat dink hulle maak God en sorg self vir alles!

*"[14] Die Here het vir Moses gesê: "Die farao bly onversetlik, hy hou aan weier om die volk te laat trek. [15] Gaan môre vroeg na die farao toe; hy sal juis op pad wees water toe. Gaan wag vir hom langs die Nyl, met die kierie wat in 'n slang verander het, in jou hand. [16] Sê dan vir hom: 'Die Here die God van die Hebreërs het my na jou toe gestuur met die opdrag dat jy my volk moet laat gaan om My in die woestyn te dien, maar tot nou toe het jy nie gehoor gegee nie. [17] So sê die Here: Deur wat nou gaan volg, sal jy weet dat Ek die Here is.' Jy moet ook vir die farao sê: Met hierdie kierie in my hand sal ek op die Nyl se water slaan, en dit sal in bloed verander. [18] Dan sal die vis in die Nyl vrek, en dit sal so stink dat die Egiptenaars nie die water sal kan drink nie." [19] Verder sê die Here vir Moses: "Sê vir Aäron: Vat jou kierie en swaai dit oor al die water van Egipte, oor sy kanale, riviere, moerasse en damme, dat dit bloed kan word. Daar sal bloed wees in die hele Egipte, selfs in die hout- en klipbakke." [20] Toe het Moses en Aäron gedoen presies wat die Here hulle beveel het. Aäron het sy kierie opgelig en voor die oë van die farao en sy amptenare op die Nyl se water geslaan, en al die water het in bloed verander. [21] Die vis in die Nyl het gevrek en die Nyl se water het so gestink dat die Egiptenaars dit nie kon drink nie. Oral in Egipte was daar bloed. [22] Maar die Egiptiese towenaars het met hulle towerkunste dieselfde gedoen, sodat die farao koppig gebly het. Hy het nie aan Moses-hulle se versoek gehoor gegee nie, soos die Here vooraf gesê het. [23] Die farao het omgedraai na sy paleis toe sonder om hom daaraan te steur. [24] Intussen het die hele Egipte langs die Nyl na drinkwater gegrawe omdat hulle nie die Nyl se water kon drink nie. [25] Die toestand het 'n volle sewe dae geduur nadat die Here die Nyl getref het."*
Exodus 7

Die Farao gaan elke oggend vroeg na die Nylrivier toe. Dit is nie sommer net om te gaan swem, vis te vang of 'n bietjie lekker by die rivier te gaan kuier nie. Hy doen 'n baie snaakse ding – hy gaan elke oggend kerkhou by die rivier.

## 2. Hy maak asof hy gou-gou reël dat daar vir almal water is

By die Nylrivier was daar 'n watermeter. Hierdie watermeter het gewys of die water in die rivier sak of styg. Dit was baie belangrik om te weet, want alles in die

hele land het gewerk met die water uit die rivier. Al die boere wat al die baie kos geproduseer het, het water met kanale uit die rivier gekry. En die visse in die rivier was hulle kos elke dag. Onthou, daar was nie yskaste, blikkieskos en winkels nie. Alles moes elke dag uit die rivier gevang word. Anders is daar nie kos nie.

Die koning kyk na die watermeter en hou dan kerk. Sy kerk was ’n kerk vir afgode. Hy maak asof die beeldjies van daardie seekoeimense en krokodilmense, sorg dat daar water in die rivier is. Eintlik wys hy dat hy sommer sélf sorg vir die water. Hulle maak hulle beeldjies skoon, bid tot die beeldjies en sing vir die beeldjies. En dan sê die koning alles is reg. Die water is net soos almal dit wil hê! Hy, die koning, sorg dat daar baie water in die rivier is!

**3. Die Here sê vir Farao hy gaan met ’n teken wys dat hy, die Farao, nie regtig sorg dat sy mense water het nie**

Nou stuur die Here vir Moses en Aäron om vir hierdie koning iets te sê. Die Here gaan vir hierdie grootmeneer-koning wys dit is níé sy Nylrivier nie. Dit is die Hére se rivier. Dit is nie hý wat besluit hoeveel water daar in die rivier is nie. Dit is die Hére wat besluit of die rivier vol water is, of leeg is.

Dit noem ons ’n teken van die Here. ’n Teken van die Here is wanneer die Here iets doen wat vir mense wys en laat onthou dat Hy alles maak en vir alles sorg. ’n Teken van die Here wys dat mense nie so groot en sterk is soos die Here nie. Dit is wat die Here met ’n teken doen – Hy wys vir mense Hy maak alles. ’n Teken wys hierdie wêreld waarin ons bly, is die Here se wêreld. Hy sorg vir alles wat Hy gemaak het.

Hoe lyk hierdie teken van die Here? ’n Teken van die Here bestaan altyd uit twee dele. Die gedeelte wat Hy sê, saam met ’n prentjie wat wýs wat Hy sê. Dit is sê, saam met ’n prentjie.

Die belangrikste deel van ’n teken van die Here, is die boodskap wat die Here sê. Die Here sê Hy sorg vir alles. Dit is Sý rivier. Hý sorg vir die water.

Die tweede deel van die teken is ’n prentjie wat die Here self gee. Hierdie prentjie wat die Here vir ons gee, word ’n seremonie genoem.

Hierdie is nou nóg ’n nuwe woord wat ons moet leer: seremonie. In die kerk gebruik ons ook ’n seremonie. Dit is die nagmaal. Ons drink wyn en ons eet brood. Want die Here het gesê dit is die prentjie waarmee Hy vir ons wys dat Hy vir ons sondes gesterf het.

Wanneer ons die brood eet en die wyn drink, dan is dit ’n seremonie. Ons doen iets wat die Here gebruik om vir ons ’n prentjie te laat sien van wat Hy doen. Die brood en wyn is ’n prentjie wat ons laat sien wat die Here aan die kruis vir ons

gedoen het – Hy het vir ons sondes gesterf. Die brood en wyn is nie hoe die Here ons sondes betaal nie. Dit is maar net ’n prentjie wat vir ons wýs en laat onthou dat Hy aan die kruis vir ons sondes betaal het.

Die Here se tekens is áltyd ’n boodskap van die Here, met ’n prentjie wat wys dit is regtig wat die Here doen.

Kyk nou of julle in hierdie gedeelte van die Bybel die Here se teken kan raaksien! Onthou, dit is ’n boodskap van wat die Here doen, saam met ’n prentjie wat wys dit is die Hére wat dit doen!

Die boodskap van die Here is dat Hy die water in die Nylrivier in bloed gaan verander, en dan sommer al die ander water ook: in die huise, in die veld en tussen die klippe. Die seremonie wat wys dit is die Here wat dit doen – is Aäron wat sy kierie oor alles swaai.

Met hierdie teken kan die Farao nou nie maar net maak asof dit hý is wat die water in bloed verander nie. Met hierdie teken weet almal – wat nóú gebeur het, is wat die Here laat gebeur het, nie die Farao nie.

**4. Die Farao en sy mense is magteloos teenoor die Here**

Kyk wat gebeur! Die Here het water gemaak. Hy laat dit op die aarde reën uit die wolke uit. Die Here laat dit in klein stroompies afloop in groot riviere in. Die Here laat dit in die grond wegsak en in holtes onder die grond lê. Só sorg die Here dat al die mense, diere, voëls en plante wat Hy gemaak het, water kry.

Nou kom die Here met al die groot mag en krag wat Hy water mee gemaak het en elke dag oor die hele aarde laat reën, en laat die water in Egipte se Nylrivier bloed word.

Dit is ’n teken – nou moet die Farao mos wys hy is groter en sterker en magtiger as die Here. Hy sê mos dis sý rivier en hy het die rivier gemaak. Hy sê mos dat hý sorg dat die water altyd reg is deur kerk te hou en vir sy gode te bid, te sing en hulle mooi blink te vryf.

Kan julle nog onthou wat hierdie grootmeneer-koning gesê het toe die Here gesê het hy moet Sy kinders uitlos dat hulle Hom kan dien: *“[2] Maar die farao het geantwoord: “En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister om Israel te laat gaan? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel nie laat gaan nie!”* Exodus 5

En nou?

Nou is al die water bloed. Vir sewe dae lank kan niemand dit drink nie. Al die visse het gevrek en vir sewe dae lank is daar nie kos nie. Wat maak die Farao nou? Kyk hoe erg is dit! Hy stap weg en steur hom nie aan wat met die mense

gebeur wat glo dit is hý wat sorg dat hulle water het, en dat hulle kos het nie. Terwyl hy wegstap en nie kyk na die teken van die Here nie, moet hulle orals in die land gate grou vir ’n bietjie water, vir hulle en hulle kinders. Die koning met sy kerkhou by die rivier elke oggend, kan hulle net mooi niks help nie.

Wat het die Here vir hulle gewys?

Die Here het gewys – Hý maak en gee alles water. Hý maak alles en sorg vir alles. Nie ’n koning wat dink hy kan vir God sê: “Wie is God nogal dat ek na Hom moet luister” nie. Hierdie koning dínk maar net hy is so magtig dat hy vir alles sorg. Hy is nie. Teenoor die Here is hy magteloos. As die Here water bloed maak, dan kan hy niks doen nie. Hy loop maar net weg en maak asof niks gebeur het nie. Al kan hy niks doen nie, glo hy nóg dit is sy rivier en hý maak dat die water baie is. Sy honger en dors mense laat hom nie sien dat hy nie vir hulle kan sorg nie, en dat net die Hére vir water sorg nie.

**5. Towenaars help gou-gou die koning**

Die koning se towenaars help gou-gou die koning en die mense wat glo die koning is net so groot en sterk soos God. Hulle verander ook op hulle manier ’n bietjie water in bloed. Hulle kan nie regtig die mense help met water en kos nie. Maar omdat hulle so ’n bietjie water in bloed kan verander – bly almal glo die koning en hulle is net so groot en magtig soos God. Hulle sien nie: “Ons kan nog steeds niks water drink nie en daar is nie kos nie”. Hulle sien nog steeds nie dat dit Gód is wat vir hulle sorg nie.

**6. Afgodsdiens: Mense glo hulle sorg sélf vir water, nie God nie**

Dink julle vandag is daar ook sulke afgodsdiens waar mense glo hulle sorg self vir water, dit is nie God wat ons versorg met water nie?

Ja. In Tzaneen se omgewing is daar so ’n tannie wat die groot reënkoningin genoem word. Sy gaan sit en gooi sulke stukkies vel en bene van dooie diere, skulpe wat sy by die see gekry het, en penne van ’n ystervark op die grond en dan sê sy dis sý wat, met hierdie toorgoed, maak dat dit so baie in Tzaneen reën.

Wie laat dit so baie reën in Tzaneen? Dit is die Here. Hy het die Drakensberge gemaak wat al die wolke van Mosambiek keer en al die reën in die baie berge van Tzaneen laat val. Nou maak hierdie tannie asof dit sý is met haar toorgoed, wat dit so baie laat reën in Tzaneen. As die Here dit laat droog wees en daar is nie meer water nie, dink julle die mense wat dan swaarkry sien sy maak nie regtig reën nie? Haar toorgoed werk nie? Dit is die Here wat reën maak? Nee, sy draai ook maar weg en steur haar nie daaraan dat sy nie regtig mense in droogtes wat die Hére gee, kan help nie. Almal wil aanhou glo sy is so groot en magtig soos God.

Daar is ook ’n ander manier van afgodsdiens. Dit is dominees wat kerkhou en sê as húlle kerkhou, dan laat hulle dit reën omdat hulle kerkhou. Wat het die Farao gedoen? Hy het ook gemaak asof daar baie water in die Nylrivier is omdat hy kerkhou! Dink julle ons kan reën maak met kerkhou? Nee. Almal wat só dink is besig met afgodsdiens! Nes die Farao en die Egiptenare. Hulle dink hulle kan vir water sorg soos die Here.

Daar is nog ’n ander manier waarop mense nie glo dat die Here water gee nie. Dit gebeur as mense sê, kom ons bou damme, kom ons boor boorgate, kom ons sit groot watertenks op! Dis ons water! Ons sorg vir onsself! Dit is nie die Here wat vir ons sorg nie.

Wat het die Farao se towenaars gedoen? Hulle het bietjie water in bloed verander en toe glo niemand meer die Here sorg vir water nie, al is hulle nog steeds dors en honger! Dit is hoe goddelose mense vandag maak. Hulle kan ’n bietjie water in damme opgaar. Hulle kan ’n bietjie water in tenks opgaar. Hulle kan ’n bietjie water in boorgate raakboor. En omdat hulle vir so bietjie water kan sorg – glo hulle hulle sorg self vir water. Hulle glo nie God sorg vir water nie.

**7. Ons glo en dien die Here**

Ons glo in die Here en ons dien die Here. Ons weet die Here sorg vir water. Hy het alles gemaak en Hy sorg vir alles.

Daarom, as óns damme bou, boorgate sink en watertenks opsit, is dit omdat ons dankbaar is en mooi probeer werk met die water wat die Here ons gee. Dit is nooit om te wys ons sorg vir onsself, ons is groot en magtig soos God nie.

Wanneer ons kerkhou, dan maak ons nie reën nie. Ons weet die Here maak reën. Die Here laat dit oor die hele wêreld reën. Wanneer ons kerkhou, vra ons die Here om vir ons te sorg. Ons vra die Here om ons ook weer reën te gee en vir ons te sorg soos Hy dit altyd doen. Kerkhou is nooit ons manier om self reën te maak nie. Dit is ons manier om vir die Here te vra om vir ons te sorg.

**8. Welpies slaap rustig as die maanhaar brul**

Kan julle nog onthou wat maak klein leeutjies as hulle pa só hard brul dat die hele veld skud? Terwyl al die ander diere bang rondhardloop, speel en kuier hulle rustig. Hulle skrik nie vir hierdie brul nie. Hulle weet hierdie brul is hulle maanhaar-pa, wat vir hulle sorg, se brul.

Wat doen ons as die Here in die wêreld só hard brul dat hy droogtes gee op party plekke en oorstromings gee op ander plekke?

Ons weet dat dit dieselfde Here is wat vir ons sorg. Hy is God die Vader en ons is Sy kinders. Al sukkel ons ook, weet ons altyd die Here sorg vir ons. In hierdie tekens sien ons hoe groot en sterk is die Here wat vir ons liefhet en vir ons sorg.

Hierdie tekens van die Here wys vir die wêreld hulle is nie so groot en magtig soos God nie. Maar dit maak hulle net bang totdat dit weer reën, of die vloedwater weer wegsak. Dan maak hulle soos die Farao – hulle draai om en maak asof niks gebeur het nie.

**9. Opdrag**

Gaan vra vir julle pa's en ma's, of enige grootmens: kan kerkhou reën maak?

Dan vertel julle hulle dis hoe die Farao gemaak het, en die Here het toe gewys hy is verkeerd. Die Here het al die water bloed gemaak en die Farao kon niks water maak nie. Dan sê julle vir hulle ons maak nie reën met kerkhou nie, ons vra net die Here wat reën maak, om vir ons te sorg.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog